

Dinsdag 20 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:7; Genesis 5:29; 6:8-19

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:7

Ware geloof doen gehoorsaam die wil van God!

Noag het grootgeword in 'n tyd waarin die boosheid van die mensdom tot volle krag en vorming gekom het. Dit was so erg dat God, wat die mens as kroon van die skepping en sy gelykenis gemaak het, bedroef was dat Hy die mens gemaak het (vgl. Gen. 6:5-6).

In die midde van hierdie boosheid was daar egter een begenadigde, een regverdige en een opregte man, Noag. God het tot die punt gekom waar Hy die boosheid van die mensdom nie meer langer kon verdra nie en besluit om die aarde te reinig deur die mens daarvan af weg te vee. Noag ontvang die opdrag om 'n ark te bou, sodat hy en sy huisgesin en ook twee soorte van elke diere- en voëlspesie gered kan word. Noag het moontlik in Mesopotamië gewoon, ver van enige oseaan of groot meer. Hy het dus 'n ark op droë grond gebou, wat vir die menslike logika nie sin maak nie.

Die ware geloof bevraagteken egter nie God se wil nie, maar gehoorsaam Hom onmiddellik. Vir 120 jaar, sonder enige kennis in seevaart en skeepsbou, sonder mannekrag of die moderne masjinerie van vandag, doen Noag gehoorsaam die wil van God en bou die ark. Elke hamerslag aan die ark was egter 'n oproep tot bekering vir die bouse geslag van Noag se tyd.

Wanneer die sondvloed kom, is die ark tot seën van Noag en sy huisgesin, omdat hy God gehoorsaam het. Vir die bouse, ongehoor-same geslag is dit egter die oordeel van God.

Ons lewe in 'n tyd en land waar die mens se eiewilligheid en ongehoorsaamheid van kwaad tot erger gaan. Sonder dat ons dit altyd besef, ontstaan die versoeking ook by jou en my om self 'n bietjie die wet en orde te buig. "Ek kan maar oor die stopstraat jaag, want niemand stop in elk geval daar nie."

Die ware geloof doen egter altyd gehoorsaam die wil van God, al is ons land en wêreld op sy kop.

Sing: Skrifberyming 14-3:1, 3

Ds. Wilhan Jobse (Jeffreysbaai)